Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Malanne Maatjies

Graad R Sentrum

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

GR R OB 5 /2021

Liewe Gr R Ouers,

Ons hoop al ons maatjies is nog gelukkig en geniet ons skooltjie.

Ons juffrouens sukkel net om vir die maatjies te leer om ons speelgoed mooi op te pas. Ons moet daagliks speelgoed regmaak, vervang en selfs weggooi. Help asseblief om tuis met u kind te gesels oor hierdie aspek.

Tema vir die week:

Dae van die week (23 – 26 Maart 2021)

- Ek ontdek meer oor dag en nag / lig en donker.
- Name van die dae van die week.
- Ek ontdek meer oor oggend, middag en aand.
- Gister, vandag en môre.
- Hoe weet ons hoe laat dit is?

Huistaal:

- Klank: "e"
- Sigwoord: hy/sy
- Tong – en oogoefeninge
- Aanvangsklanke

Wiskunde:

- Tel voorwerpe
- Posisie, oriëntasie en aangesigte
- Simmetrie: middellyn
- 3-D voorwerpe

Versie:

Maandag tot Vrydag moet ek skool toe gaan,
teken en skryf en in rye staan.
Vrydag voel ek sommer bly,
want ek weet die naweek wag vir my.
Saterdag en Sondag kan ek die heeldag speel.
Maar sonder my maatjies raak ek gou verveeld.

Liggaamsopvoeding:

- Ruimtelike oriëntasie
- Ontwykingspeletjie
- Beweging
- Hand-oog koördinasie
- Balans

Uitvoerende kuns:

- Slagwerk met instrumente

Onthou:

- Foto's kan nog betaal word tot einde Maart.
- Bulletjie rugby begin Dinsdagaand om 18:00.

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete
Gr R Opvoeders